# 15 April 2023 - Lesing 9 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

Esegiel 1

*4 Toe het ek gekyk - en daar het 'n **stormagtige Gees** uit die noorde gekom, 'n groot Wolkkolom met onophoudelike vuur; en 'n glans was rondom Haar en uit Haar midde, Oë soos blinkende brons van vuur.*

*Eze 1:26 En bokant die Koepel wat oor hulle hoof was, was iets wat soos saffiersteen gelyk het, in die vorm van 'n Troon; en op die troon 'n Gestalte wat 'n beeld van 'n adamiet gehad het.*

*1:27 Ek sien toe Iets met die uiterlike voorkoms van glansende brons; van wat soos Sy lendene gelyk het boontoe soos vuur, rondom in 'n omhulsel; en van wat soos Sy lendene gelyk het ondertoe, het ek Iets gesien soos vuur met 'n glans daaromheen.*

*1:28 Soos die voorkoms van die boog wat in die Wolkkolom is op 'n reëndag, so het die glans rondom gelyk. So het die verskyning van die **Beeld van die Glansrykheid van JaHWeH** gelyk. En toe ek Hom sien, het ek op my aangesig geval en die Stem gehoor van Een wat spreek.*

***Woord aan Deborah Waldron Fry op 13 April 2003***

Ek het gehoor," Daar is 'n storm op die horison!"

Maar moenie vrees nie! Dit is nie wat jy dink nie. Hierdie is 'n HEERLIKHEIDSTORM! Te midde van die chaos van hierdie wêreld het ek 'n Storm van Heerlikheid gesien, nie 'n natuurlike storm nie, maar 'n bonatuurlike Storm uit die hemel! Dit is God se Shekinah (vroulike) Heerlikheid! 'n Warrelwind van VUUR wat uit die middel opkom! Ons God is 'n verterende vuur! Hy is in ons midde!!

Hou aan bid, Geliefde van God! Hou aan om jou Hallelujas (prys JaHweH's) te verhoog in die teenwoordigheid van jou vyande! En watter chaos jy ookal in die gesig staar, God is in jou midde om BEVRYDING te bring!

Wanneer die vyand inkom, soos 'n VLOED, rig God 'n banier daarteen op!

"Geliefde. Daar kom HEERLIKHEID uit die middel van hierdie storm. Dit is die laaste dae. Satan het alles wat hy kan op **die oorblyfsel van God** gegooi. Tog staan jy nog, My kind. Ek het jou geloof gesien. Ek het jou trane gesien. Ek het jou geroep gehoor. Uit hierdie neerstortende golwe van rampspoed sal 'n Warrelwind van My skepping kom.

"Uit hierdie duisternis skyn die Lig. Uit die dood kom die LEWE van die Seun van God. Die Son van Geregtigheid het opgekom met genesing in Sy vleuels. Jy is nie onderworpe aan die magte van die duisternis nie. Jy sal NIE swig nie. My planne vir jou sal standhou. Jy sal nie val nie, maar jy sal oorwin.

"EK IS saam met jou in die storm, Liewe Een. Duisternis het GEEN mag oor Hy wat Lig is nie. WEERSTAAN die duiwel en hy sal vlug. Jy is 'n oorwinnaar. Jy is MEER as 'n oorwinnaar deur Hom wat jou liefhet.

Dink dit nie as vreemd wanneer daar verskeie beproewings oor jou pad kom nie, maar verheug jou, aangesien jy deel het aan Messias se lyding; sodat soos wat My HEERLIKHEID in jou lewe geopenbaar word, jy ook jouself met groot blydskap kan verheug.

"Weet dit, die vyand vrees My Naam in die weste, noorde en suide en **My Heerlikheid van die opkoms van die Son.** Dit lyk altyd die donkerste voor Dagbreek. EK IS daardie Vreeslike Dagbreek waarvoor die vyand sidder.

"EK IS Hy wat in jou hart geskyn het. My aangesig skyn soos die son en die duiwel vlug verskrik. Vrees nie, Ek het reeds 'n uitweg gemaak. Glo net. Kyk en sien wat Ek sal doen. Ek maak deure van verlossing oop selfs in die donkerste plekke.

"**Deur hierdie portale kom Jou Verlosser en Engele in opdrag**, wat veg namens jou. Ja, die wêreld noem dit waansinnig. Maar hulle kan nie geestelike dinge onderskei nie. Die geluid van My Donder is in hierdie Heilige Warrelwind en My Weerligte sal die wereld verlig.

"Moenie vrees nie, geliefde. EK skud die koninkryk van die duisternis namens jou. MY HEERLIKHEIDSTORM gaan voort. Die VUUR is aangesteek. Staan en kyk en wees verruk. Wees stil, My kind, en weet EK IS God. Waarlik, Jy sal ROEM in wat EK doen."

"Jy sal My Stem hoor spreek te midde van hierdie huidige storm. Jy sal een soos die Seun van God sien blink soos Amber*, soos 'n Vuur binne-in jou rondom jou. EK IS in jou midde. Dit is My Shekinah Heerlikheid, die **einste Vlam en Teenwoordigheid van Jahweh**. * *(Amber is eintlik gefossileerde boomhars, geel-oranje van kleur wat chemies verander is deur in die grond begrawe te word. )*

"Dit is die Heerlikheid van JaHweH wat elke vyand verteer. Weet dit My kind, jy is van God en jy het hulle oorwin, want GROTER is Hy wat in jou is as hy wat in die wêreld is!"

***Jesaja_11:12** en Hy sal 'n **Banier ophef vir die nasies** en **bymekaar laat kom** die seuns van JisraEl wat verdryf is, en versamel die dogters van JeHûWdah wat verstrooi is, **uit die vier hoeke van die Aarde.***

***Jesaja_18:3** Al julle bewoners van die wêreld, bewoners van die Aarde, wanneer 'n **banier** opgehef word op die berge, kyk! En wanneer die **ramshoring** geblaas word, luister!*

***Sagaria_9:16** En JaHWeH hulle Elohey sal hulle in dié dag verlos as die kudde wat Sy volk is; want [hulle] **verhef die Bousteen van Separatisme soos 'n banier oor Sy Adamah** [die adamiet se Aarde]. [JeshaJaH 11:12; 18:3; JirmeJaH 4:5]*

***Openb 14:1-3** EN ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die Berg van Sion, en saam met Hom honderd-vier-en-veertigduisend met Sy Naam en die Naam van Sy VADER op hulle voorhoofde geskrywe. 2 En ek het 'n geluid uit die Hemele gehoor soos die **geluid van baie waters** en soos die geluid van 'n harde donderslag, en ek het die geluid gehoor van siterspelers wat speel op hulle siters. [2 Ezra 6:17].*